Maandag
Mat. 27: 45 – 50; Rom. 12: 1, 2; 1 Joh. 4: 16 b – 19; 1 Kor. 11: 23 – 26
Teks Rom. 12: 1: " Op grond van die barmhartigheid van God roep ek julle dus nou op om julle liggame beskikbaar te stel as 'n offer wat lewend en heilig is, en vir God aanneemlik. Dit is julle sinvolle godsdiens." Tema God het ons gebroke liefde vir Hom geheilig. God het ons gebroke liefde vir Hom geheilig. Omdat God dit met ons doen, kan ons onsself in liefde aan God toewy. Die Nagmaal is 'n versterking van ons geloof in en liefde vir God. Die Here gee vir ons brood om te eet as teken dat Hy gee vir moeë en kragtelose mense krag. Die Here gee vir ons wyn as teken om te wys Hy gee aan gekweldes vreugde en blydskap. Met hierdie tekens bevestig die Here self wie Hy vir ons is: Hy is ons brood, ons krag en Hy is ons wyn: ons vreugde. Waarvoor het ons versterking nodig? Wat in ons is só swak, so gekweld in ons dat ons vir hierdie swakheid en gekweldheid versterking nodig het? Die apostel Johannes wys vir ons dit is vrees. Wat se tipe vrees? Vrees vir liefde! Om dit te sê klink vreemd. Mense wat bang is vir liefde! Dit is dan waaroor almal sing, gedigte skryf, oor fantaseer en romanties is. Dit is volgens almal die kosbaarste is die lewe en waarna almal soek. Hoe kan daar dan nou gesê word dat mense liefde vrees? Hoe kan mense oor liefde innerlike verswak en gekweld wees? Die apostel Johannes stel dat dit juis die vrees vir die oordeelsdag is – dat jy vir jou liefde, straf verwag. Dit is die werklike vrees vir die oordeelsdag. Dit is die dag dat jy vir die liefde wat jy gegee het gestraf gaan word. Vrees dat jou liede net nie goed genoeg was en dat jy juis vir die gebrokenheid van die liefde wat jy het en gee, gestraf gaan word. Die vrees dat God sal wys dat jou liefde vir Hom te sleg is om te aanvaar.
Waarin moet ons gesterk en getroos word? Ons moet daarin gestrek word dat ons liefde deur God aanvaar word. Preek beskikbaar op Google by ngkerklevubu.co.za
Ds. Petrus

Dinsdag
Mat. 27: 45 – 50; Rom. 12: 1, 2; 1 Joh. 4: 16 b – 19; 1 Kor. 11: 23 – 26
Teks Rom. 12: 1: " Op grond van die barmhartigheid van God roep ek julle dus nou op om julle liggame beskikbaar te stel as 'n offer wat lewend en heilig is, en vir God aanneemlik. Dit is julle sinvolle godsdiens." Tema God het ons gebroke liefde vir Hom geheilig. Die apostel stel dat waar vrees is daar nie liefde kan wees nie. Mens kan nie uit vrees jouself in liefde gee nie. Dit klink vreemd maar dit is werklik deel van ons alledaagse lewe. Ons wil graag hoor dat ander mense vir ons sê hulle is lief vir ons. Die snaakse is dat dit moeilik is om ook te sê. Dit word 'n magsposisie dat ander vir jou moet sê hulle is lief vir jou, maar jy sê dit of terughoudend terug of glad nie. Só is ons nie bang vir ander se liefde nie, maar vir ons eie liefde. Wat noem die Bybel liefde wat verwerp word? Liefde wat jy gee maar te sleg is om aanvaar te word, liefde wat jy het, maar te sleg is om te gee en liefde in jou waarin ander nie wil leef nie? Die Bybelse woord daarvoor is – die hel. Die hel is om vir jou liefde verwerp te word omdat jou liefde te sleg is om aanvaar te word. Die hel is nie om deur die Satan gefolter te word vir die verkeerde dinge wat jy gedoen het nie. Dit is amper iets wat jy met trots en selfrespek kan dra. Dit maak amper die hel iets draaglik. Maar die regte oordeel in die oordeelsdag is om deur God vir jou liefde wat jy gegee het verwerp te word – omdat dit net nie goed genoeg was nie. Hierdie vrees in ons maak dat ons dan eerder kies vir onderwerping en gedienstigheid aan God as om ons self in liefde vir God te gee. Onderwerping beteken om jouself, jou eie lewe, jou eie gevoelens, jou eie ideale, jou eie aanspreeklikheid en verantwoordelikheid, jou eie keuse en persoon op te gee en so nie meer jouself te wees nie. Jy leef die lewe

en wil van ‘n ander. Gedienstigheid beteken om willoos, selfloos, hartelose identiteitloos, net te doen wat vir jou gesê word. Onderwerping en gedienstigheid is die keuse om jouself aan mag te onderwerp sodat jy nie jouself hoef te gee nie. Dit is die keuse om ‘n ander se lewe te leef en ‘n ander se wil uit te boer sonder om jouself in liefde te gee. Presies net dit wat ons arbeiders elke dag met ons doen. Preek beskikbaar op Google by ngkerklevubu.co.za Ds Petrus

Woensdag
Mat. 27: 45 – 50; Rom. 12: 1, 2; 1 Joh. 4: 16 b – 19; 1 Kor. 11: 23 – 26
Teks Rom. 12: 1 Tema God het ons gebroke liefde vir Hom geheilig  Dit is die besondere van die oproep van Paulus in Romeine 12 vers 1: Gee julle self, julle liggame aan God as ‘n lewende en heilige offer wat vir God aanneemlik is.
Gee julle self in liefde aan God, gee julle liefde aan God, gee julle liggame in liefde aan God – want die liefde wat julle aan God gee is vir God aanneemlik. Dit is vir heilig. Wat jy nooit vir God mag gee is om jouself aan God as ‘n dooie offer te gee. Ons gee onsself aan God as lewende offer. Ons ervaar hierdie gee van dooie offers daagliks in ons gesinne. As jy nou ooit ‘n dooie offer wil hê dan moet jy as ouer vir jou tiener seun vra om die kar te was of vir jou tiener dogter vra om skottelgoed te was. Daardie willose, selflose, hartelose onderwerping is ‘n demonstrasie dat hulle vir jou ‘n dooie offer is. Om jouself as lewende offer te gee is om jouself met jou hele hart, siel, verstand en jou hele liggaam, in liefde toe te wy aan God in die geloof dat jou liefde vir God volkome, heilig is. Liefde wat so gegee word is ‘n lewende en heilige offer aan God. Hierdie liefde sien ons in die kruiswoorde van die Here Jesus Christus: “ My God, my God waarom het u my verlaat?” Wie roep hierdie woorde uit? Dit is die Seun van die Vader! Wat se liefde is daar tussen die Vader en die Seun. Dit is God se liefde vir Homself – dit is volmaakte en heilige liefde. Die Seun verheerlik die Vader met volmaakte liefde en die Vader verheerlik die Seun met volmaakte liefde soos Christus dit stel in sy gebed in Johannes 17: 1 “Vader, die uur het aangebreek: verheerlik u Seun, sodat die Seun U kan verheerlik.” Verlaat is baie meer as alleen los. Dit is baie meer as om nie te help, nie daar te wees en nie te luister nie. Verlaat gaan nie oor die Vader wat weg is nie, maar oor die Vader wat teenwoordig is en die liefde wat gegee word, verwerp. Dit is die angs in Christus teenoor God die Vader – sy liefde word verwerp, Hy daal ter helle neer. Preek beskikbaar op Google by ngkerklevubu.co.za Ds. Petrus

Donderdag
Mat. 27: 45 – 50; Rom. 12: 1, 2; 1 Joh. 4: 16 b – 19; 1 Kor. 11: 23 – 26
Teks Rom. 12: 1 Tema God het ons gebroke liefde vir Hom geheilig. Christus het in die hel ingegaan van sy liefde wat die Vader verwerp. Angs! Angs is nie die bangwees vir bedreigings nie, maar die bangheid vir verlore liefde. Liefde wat nie aanvaar word en liefde wat nie gegee word nie. Hoe kan dit wees? Hoe kan daar in die Vader verwerping wees van die volmaakte heilige liefde van die Seun? Want dit is ‘n dooie offer! Jesus Christus en sy heilige liefde word die dooie offer vir ons sodat Christus se heilige liefde vir ons tel. Hy en sy liefde word in ons plek die dooie offer, Hy moet sterf as sondaar wie se liefde verwerp word as te sleg sodat ek as sondaar ingesluit word in sy liefde wat nie vir Hom getel het nie. Só maak Christus my liefde vir God ‘n lewende offer. My slegte liefde tel vir Hom en sy heilige liefde tel vir my! Hy word met sy liefde verwerp sodat God my aanneem met my liefde wat nie goed genoeg kan wees nie. Hy word in sy liefde die dooie offer sodat ek in my gebroke liefde myself aan God kan wy as ‘n lewende offer – God laat my en my gebroke

liefde in Christus vir God heilig en aanneemlik wees. Iets daarvan wys in die liefde van ouers vir hul kinders. Hoekom praat hulle altyd goed van hul kinders terwyl ander mense oor hul kinders se slegtheid praat? Dit is nooit waar dat ‘n ouer nie sy kind se slegtheid raaksien nie, maar hulle doen iets anders met hul kinders wat ander mense nie doen nie. Hulle ontferm hulle in barmhartigheid oor hul kinders. Hulle laat hul kinders se gebroke liefde vir hulle as ouers heilig, volmaak wees. Hulle maak dit vir hulself heilig. Dit is wat u in Romeine 12: 1 moet hoor: “Op grond van die barmhartigheid van God roep ek julle dus nou op om julle liggame beskikbaar te stel as ‘n offer wat lewend en heilig is, en vir God aanneemlik.” U kan nooit hierdie oproep só hoor en gehoorsaam nie: “Jy moet jouself en jou liefde vir God heilig en aanneemlik maak nie.” U moet die rede hoor hoekom jy jouself in jou gebroke liefde aan God kan toewy en Hy laat dit heilig wees - “ op grond van die barmhartigheid van God.” Preek beskikbaar op Google by ngkerklevubu.co.za Ds. Petrus

Vrydag
Mat. 27: 45 – 50; Rom. 12: 1, 2; 1 Joh. 4: 16 b – 19; 1 Kor. 11: 23 – 26
Teks Rom. 12: 1 Tema God het ons gebroke liefde vir Hom geheilig. Christus het in die hel ingegaan van sy liefde wat die Vader verwerp. Deur die Nagmaal bevestig die Here aan ons dat Hy die dooie en ons die lewende offers. Die Here openbaar dit in die brood en wyn wat Hy vir ons gee. Wat Hy nie vir ons gee nie, is die vleis van die Paaslam. Die Paaslam was die belangrikste deel van die Pasga wat Jesus met sy dissipels gevier het. Die Paaslam was die dooie offer. Jesus Christus wys daardeur dat Hy en nie ons nie, is die dooie offer, die offer wat geslag is. Net sy bloed vloei en net sy liggaam word gebreek sodat Hy alleen die offer vir ons sonde is. Daarom verkondig ons nie ons dood in die Nagmaal nie, maar die Here se dood as offer vir ons sonde. Die Nagmaal bevestig dat Christus se liefde verwerp is as die offer vir ons gebroke liefdes sodat ons gebroke liefdes vir God geheilig is. Jesus Christus is die dooie offer vir ons gebroke liefdes. Só maak Hy ons die lewende offers in hierdie tekens? ‘n Mens brood en wyn aan lewende mense om hulle te versterk en te verkwik, nie dooie mense nie. Dit is presies hoekom die Here net brood en wyn en nie die vleis van die Paaslam vir ons gee nie. Christus maak ons lewende offers vir God. Hy laat ons gebroke liefdes vir God heilig en aanneemlik wees. Met hierdie tekens bevestig die Here aan ons elkeen dat ons ons liggaamlik aan die Here kan toewy en Christus sal ons toewyding vir God heilig laat wees. Ons moet die Here se liggaam van ons liggame onderskei in die Nagmaal, anders eet en drink ons ‘n oordeel oor onsself wanneer ons die Nagmaal gebruik. Ons moet Christus se liggaam, siel, verstand en gees in die hemel onderskei van ons liggame. Hy is self mens in die hemel soos ons mense op aarde is. Hy is die dooie offer, die Paaslam. Ons is die lewende offers. Hy gee ons brood en wyn as tekens dat Hy ons innerlik versterk en verkwik om onsself aan God as lewende, heilige offers te gee wat vir God aanneemlik is – ons kan en mag God liefhê met ons hele hart, siel verstand en elke deel van ons liggaam. Preek beskikbaar op Google by evangelie-vandag.co.za

Saterdag ekstra
Mat. 27: 45 – 50; Rom. 12: 1, 2; 1 Joh. 4: 16 b – 19; 1 Kor. 11: 23 – 26
Teks Rom. 12: 1 Tema God het ons gebroke liefde vir Hom geheilig. Deur Nagmaal openbaar die Here ons mag nooit van onsself vir God dooie offers maak soos dit die geestelike mode geword het nie. Die Nagmaal het in die moderne Christelikheid die teken geword waardeur die onderskeiding van ons en die Here se liggaam weggevat

word op die volgende wyse! Jesus word in hierdie onsinnige geestelikheid vir ons die voorbeeld om ook die Paaslam, die dooie offer vir God te word: om jou self oor te gee, op jouself op te gee, jouself weg te gee om ondergeskik en onderdanig aan God kan wees sonder ‘n eie wil, lewe, bedoeling en bestemming. So word Jesus misbruik as die rede hoekom ons ons self nie meer in liefde kan gee maar tot oorgawe aan God se mag moet kom. Paulus verkondig: “Op grond van die barmhartigheid van God roep ek julle dus nou op om julle liggame beskikbaar te stel as ‘n offer wat lewend en heilig is, en vir God aanneemlik. Dit is julle sinvolle godsdiens.” (Rom.12:1) Sinvolle godsdiens is godsdiens waarin ons onsself gee in liefde aan God met ons hele hart, siel, verstand en al ons liggaamlike kragte. Ons gee onsself in liefde omdat ons seker is God maak ons gebroke liefde vir Hom heilig. (Kol.2:22) Onsinnige geestelikheid is om jouself aan God te onderwerp en gedienstig oor te gee. Gedienstig soos ‘n kind wat kar was deur ‘n dooie offer vir sy ouers te wees: om nie sy hart daarin te sit, nie te bedink en gefokus te wees in wat hy moet doen nie, en nie sy krag daarin te sit nie. Dit is die onsinnige geestelikheid waarin jy jou hart, lewe, wil en persoon moet oorgee en opoffer sodat God kamstig sy lewe, wil, en krag deur jou kan uitleef terwyl jy niks is nie. Net Christus was die Paaslam. Nie as voorbeeld hoe om onsself op te offer nie, maar as enigste dooie offer sodat ons onsself in liefde aan God kan toewy – lewend en heilig. Preek beskikbaar op Google by evangelie-vandag.co.za Ds. Petrus